# OPENBARING 3:7-8

Wanneer God 'n deur toemaak is dit vir my beskerming (protection). En wanneer God 'n deur oopmaak, is dit my rigting (direction).

Ek het ook geleer dat ons hoef nie angstig round te kyk op soek na die oop deur nie. Die oop deur is gewoonlik sommer onder ons neus.

**Jesus self het gesê:**




**1953**

**Sesde brief: aan die gemeente van Filadelfia.**

7EN skryf aan die engel van die gemeente in Filadelfia: Dít sê die Heilige, die Waaragtige, wat die sleutel van Dawid het, wat oopmaak en niemand sluit nie, en Hy sluit en niemand maak oop nie:

8Ek ken jou werke. Kyk, Ek het voor jou 'n geopende deur gegee, en niemand kan dit sluit nie, want jy het min krag en jy het my woord bewaar en my Naam nie verloën nie.

**KJV**

7 And to the angel of the church in Filadelfia write; These things saith he that is holy, he that is true, he that hath the key of David, he that openeth, and no man shutteth; and shutteth, and no man openeth;

8I know thy works: behold, I have set before thee an open door, and no man can shut it: for thou hast a little strength, and hast kept my word, and hast not denied my name.

**DB**

**Filadelfia - leef soos Ek van julle verwag**

7Skryf die volgende brief aan die leier van die gemeente in Filadelfia: Hier is 'n boodskap vir julle. Dit kom van Jesus af wat nie een stukkie valsheid of leuen in Hom het nie. God is die fokus van sy hele lewe. Hy het die sleutel van Dawid om vir mense die deur na die nuwe Jerusalem oop te sluit of toe te sluit. Waar Hy toesluit, kan niemand oopmaak nie en waar Hy oopsluit, kan niemand toemaak nie.

8Ek weet waarmee julle julle besig hou. Kyk mooi. Ek het vir julle 'n deur oopgemaak. Niemand kan dit toemaak nie. Julle invloed in Filadelfia is maar klein. Ek weet dit! Maar dit bring julle nie van stryk nie. Julle leef soos Ek van julle vra. Boonop is julle nie skaam of bang om te erken dat julle Christene is nie.

**TPT**

**Christ's Letter to Filadelfia**

7Write the following to the messenger of the congregation in Filadelfia, for these are the solemn words of the Holy One, the true one, who has David's key, who opens doors that none can shut and who closes doors that none can open:

8I know all that you've done. Now I have set before you a wide-open door that none can shut. For I know that you possess only a little power, yet you've kept my word and haven't denied my name.

**Afrikaans PWL**

7Skryf aan die boodskapper van die gemeente in Filadelfia: Dít sê HaKadosh (die Afgesonderde Een), die Waarheid; Hy wat die sleutel van Dawid het; Die Een wat oopmaak en daar is niemand wat sluit nie en sluit en daar is niemand wat oopmaak nie.

8“Ek ken jou dade. Let op, Ek het voor jou ’n oop deur gegee en niemand kan dit sluit nie, want jy het min krag en jy het My boodskap uitgevoer en My Karakter en Outoriteit nie verwerp nie.

# ◀ Revelation 3:7 ▶

**Revelation 3 - Click for Chapter**

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2532 [e] | 3588 [e] | 32 [e] | 3588 [e] | 1722 [e] | 5359 [e] | 1577 [e] | 1125 [e] | 3592 [e] | 3004 [e] |
| Kai | tō | angelō | tēs | en | Philadelpheia | ekklēsias | grapson | Tade | legei |
| 7 Καὶ | τῷ | ἀγγέλῳ | τῆς | ἐν | Φιλαδελφείᾳ | ἐκκλησίας | γράψον : | Τάδε | λέγει |
| And | to | [the] messenger | of the | in | Philadelphia | church | write | These things | says |
| Conj | Art-DMS | N-DMS | Art-GFS | Prep | N-DFS | N-GFS | V-AMA-2S | DPro-ANP | V-PIA-3S |

| | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 3588 [e] | 40 [e] | 3588 [e] | 228 [e] | 3588 [e] | 2192 [e] | 3588 [e] | 2807 [e] | 1138 [e] | 3588 [e] | 455 [e] | 2532 [e] |
| ho | hagios | ho | alēthinos | ho | echōn | tēn | klein | Dauid | ho | anoigōn | kai |
| ὁ | ἅγιος , | ὁ | ἀληθινός , | ὁ | ἔχων | τὴν | κλεῖν | Δαυίδ , | ὁ | ἀνοίγων | καὶ |
| the | Holy [One] | the | True [One] | - | having | the | key | of David | the [One] | opening | and |
| Art-NMS | Adj-NMS | Art-NMS | Adj-NMS | Art-NMS | V-PPA-NMS | Art-AFS | N-AFS | N-GMS | Art-NMS | V-PPA-NMS | Conj |

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 3762 [e] | 2808 [e] | 2532 [e] | 2808 [e] | 2532 [e] | 3762 [e] | 455 [e] |
| oudeis | kleisei | kai | kleiōn | kai | oudeis | anoigei |
| οὐδεὶς | κλείσει , | καὶ | κλείων | καὶ | οὐδεὶς | ἀνοίγει . |
| no one | will shut | and | shutting | and | no one | opens |
| Adj-NMS | V-FIA-3S | Conj | V-PPA-NMS | Conj | Adj-NMS | V-PIA-3S |

# ◀ Revelation 3:8 ▶

**Revelation 3 - Click for Chapter**

| | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1492 [e] | 4771 [e] | 3588 [e] | 2041 [e] | 2400 [e] | 1325 [e] | 1799 [e] | 4771 [e] | 2374 [e] | 455 [e] | 3739 [e] |
| Oida | sou | ta | erga | idou | dedōka | enōpion | sou | thyran | ēneōgmenēn | hēn |
| 8 Οἶδά | σου | τὰ | ἔργα . | ἰδοὺ , | δέδωκα | ἐνώπιόν | σου | θύραν | ἠνεῳγμένην , | ἣν |
| I know | your | - | deeds | Behold | I have set | before | you | a door | having been opened | which |
| V-RIA-1S | PPro-G2S | Art-ANP | N-ANP | V-AMA-2S | V-RIA-1S | Prep | PPro-G2S | N-AFS | V-RPM/P-AFS | RelPro-AFS |

| | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 3762 [e] | 1410 [e] | 2808 [e] | 846 [e] | 3754 [e] | 3398 [e] | 2192 [e] | 1411 [e] | 2532 [e] | 5083 [e] | 1473 [e] |
| oudeis | dynatai | kleisai | autēn | hoti | mikran | echeis | dynamin | kai | etērēsas | mou |
| οὐδεὶς | δύναται | κλεῖσαι | αὐτήν , | ὅτι | μικρὰν | ἔχεις | δύναμιν , | καὶ | ἐτήρησάς | μου |
| no one | is able | to shut | it | because | little | you have | power | and yet | you have kept | My |
| Adj-NMS | V-PIM/P-3S | V-ANA | PPro-AF3S | Conj | Adj-AFS | V-PIA-2S | N-AFS | Conj | V-AIA-2S | PPro-G1S |

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 3588 [e] | 3056 [e] | 2532 [e] | 3756 [e] | 720 [e] | 3588 [e] | 3686 [e] | 1473 [e] |
| ton | logon | kai | ouk | ērnēsō | to | onoma | mou |
| τὸν | λόγον | καὶ | οὐκ | ἠρνήσω | τὸ | ὄνομά | μου . |
| - | word | and | not | have denied | the | name | of Me |
| Art-AMS | N-AMS | Conj | Adv | V-AIM-2S | Art-ANS | N-ANS | PPro-G1S |

**Vers 7**

EN skryf aan die engel van die gemeente in Filadelfia: Dít sê die Heilige, die Waaragtige, wat die sleutel van Dawid het, wat oopmaak en niemand sluit nie, en Hy sluit en niemand maak oop nie:

**Filadelfia**

Filadelfia was sowat 45km suidoos van Sardis geleë en beteken in Griekse "liefde" en "broers." Die stad was bekend vir sy talle wingerde. Die oorvloedige produksie van wyn het gelei tot die aanbidding van Dionisius, die god van wyn. Die stad was ook vatbaar vir aardbewings. Die koning van Pergamum het die stad in 189 vC gestig en dit Filadelfia genoem vanweë sy broer se lojaliteit aan hom. Sy broer was die koning van Lidia.

Filadelfia, was 'n sentrum vir die uitvoer van die Griekse taal en kultuur na die binneland van Klein-Asië. Dit het dus 'n sekulêre sendingroeping gehad. Net soos die stad 'n oop deur na die binneland gehad het, so het die kerk 'n oop deur gehad om die evangelie te versprei. Die kenmerke van die kerk in Filadelfia is soortgelyk aan dié van die Kerk in die 19de en 20ste eeue wat 'n tydperk van gereelde herlewings en sendingaktiwiteite was.

Dit het in die besit van die Turke gekom in 1392 nC en is verskeie kere byna deur aardbewings vernietig. Dit is steeds 'n stad van aansienlike grootte, genaamd Allahshehr, "die stad van God."

**Dít sê die Heilige, die Waaragtige**

Die Here Jesus is heilig, afgesonder van enige sonde of kwaad. Hy verteer alle sondes met sy heiligheid. Hy is die Waaragtige: By Hom is net die waarheid, want Hy self is die waarheid.

Jes 5:16 – “*Maar hoog sal die HERE van die leërskare wees deur die strafgerig, en die heilige God sal Hom as die Heilige laat ken deur geregtigheid.”*

Met hierdie bekendstelling openbaar die Here sy absolute soewereiniteit. Hy is onbeperk in sy mag om oor enige iets en enige iemand te beskik wat Hy wil. Hierdie feit moet die gemeente in Filadelfia troos – hulle is veilig by hierdie Almagtige God.

In sy brief aan die gemeente in Filadelfia identifiseer Jesus homself as heilig en waar. Die twee kenmerke is betekenisvol. Omdat Jesus heilig is, kan Hy nie lieg nie, daarom is Hy beide heilig en waaragtig. Hebreërs 7 vertel hoe Jesus 'n beter priester is as die priesters van Israel. Vers 26 beskryf Hom as 'n hoëpriester, heilig, onskuldig, onbevlek, afgesonder van sondaars en verhewe bo die hemele. In Johannes 14:6 het Jesus Homself aan Sy dissipels as die waarheid geïdentifiseer. Die kerk in Filadelfia kon Jesus se woorde as absoluut waar aanvaar.


die Heilige: God se heiligheid is een van Sy belangrikste karaktereienskappe. ‘n Mens beskik nie oor Heiligheid nie. Ons is na God se beeld geskape en ons beskik oor baie van Sy eienskappe, natuurlik in 'n mindere mate vanselfsprekend, soos liefde, genade, getrouheid, ens. Sommige van God se eienskappe sal egter nooit deur menslike skepsels gedeel word nie – Alomteenwoordigheid, Alwetendheid, Almagtigheid en Heiligheid. God se heiligheid is wat Hom van alle ander wesens onderskei en hom eiesoortig en anders van alles maak. Die heiligheid van God is meer as net Sy volmaaktheid of sondelose reinheid; dit is die wese van Sy "andersheid", Sy bonatuurlikheid. God se heiligheid beliggaam die misterie van Sy uitnemendheid en veroorsaak dat ons Hom bewonder, as ons net begin om 'n geringe bietjie van Sy majesteit te begryp.

die Waaragtige: - Waarheid. Teenoorgestelde van vals, dit wat perfek is, is in kontras met die onvolmaakte, die werklikheid in kontras met die skaduwee, die anti-tipe in kontras met die tipe, die ideaal wat die enigste werklike is in teenstelling met die werklike wat slegs ideaal is.

Christus kan Homself die Waaragtige noem, alle titels en name wat aan Hom gegee is word in Hom verwesenlik en kan nooit in enige ander wees nie.

**Wat die sleutel van Dawid het**

Jesus identifiseer homself ook as die een wat die sleutel van Dawid het. Die vermelding van Dawid plaas hierdie vers in 'n Messiaanse konteks. Eendag sal Jesus Sy gesag uitoefen om geredde individue, beide wedergebore heidene en geredde Jode toe te laat om Sy aardse koninkryk binne te gaan. Ook sal Hy die sleutel gebruik om alle ongelowiges uit te sluit. Omdat Jesus die seun van Dawid is, het Hy die onbetwisbare reg op die koninklike geslag. As Israel se beloofde koning sal Hy die nasies regeer vanaf die troon van Israel.




Jes 22:22: - *"En Ek sal die sleutel van die huis van Dawid op sy skouer lê; en hy sal oopmaak, en niemand sal sluit nie; en hy sal sluit, en niemand sal oopmaak nie".*

Hier verduidelik dat "Sebna" 'n bestuurder was wat oor die paleis (van Dawid) aangestel was. In sy pos as bestuurder, het hy die mag en outoriteit gehad om oop te maak en toe te sluit, maw hy het die sleutel (van die huis van Dawid) gedra. Maar die Here was nie tevrede met Sebna nie!, en het die pos van hom weggeneem en aan 'n ander gegee, nl aan Éljakim - Jes 36:3. Wat beteken dat die mag en outoriteit wat Sebna gedra het, van hom weggeneem is en aan 'n ander gegee is, maw "die sleutel van Dawid" is van hom weggeneem en aan 'n ander gegee.

Hierdie profesie het geprofeteer dat die Here Jesus (uit die geslag van Dawid) die hoogste regsbevoegdheid van God gaan uitoefen met sy finale oordeel. Hiermee toon die Here Jesus aan dat Hy die hoogste mag het wat daar is en daarmee bewerk Hy bepaaldelik sekere genade oor elke gemeente. Hy beskik oor hulle goeie dinge wat onwrikbaar vasstaan.

Met sy onbeperkte beskikkingsmag, dwing Hy sy seën af oor sy gemeente. Dit was vir die gemeente van Filadelfia – en ook vir ons vandag – ’n baie belangrike troos. God laat ons weet dat ons veilig is – niks kan ons skaad nie. Hy het self die goeie vir ons oopgesluit.

**wat oopmaak en niemand sluit nie, en Hy sluit en niemand maak oop nie:**

Dit is ook waar dat Jesus die sleutel vashou om 'n deur oop en toe te maak wat niemand kan oopmaak nie. Hy kon die sleutel gebruik om die deure van geleentheid vir die kerk in Filadelfia oop te maak om die evangelie na Asië se ongeevangeliseerde streke te bevorder. Verder kon Hy die sleutel gebruik om die kerk se vyande uit te sluit.

Ons kan dus sê dat die persoon wat die mag en outoriteit het ook die een is wat in besit is van die sleutel van Dawid! Jesus Christus het die sleutel van Dawid - Hy is die Een met die mag en outoriteit om toe te sluit of oop te maak. Hiermee verklaar God dat Hy die mag het om die deur vir iemand te sluit, of om dit oop te maak. Hierdie feit word ook in die gelykenis van die 10 maagde aangehaal (Matt. 25:1-13), waar Jesus Christus die deur sluit sodat 5 van hulle nie kan ingaan nie.

Christus, alleen, kan die seëls van die Skrif losmaak en die verborgenhede ontsluit en openbaar.

In hierdie hoedanigheid het Hy ook ’n sleutel waarmee Hy oopmaak en toesluit. Die Here Jesus doen dit op so ’n kragtige wyse dat niemand kan oopsluit waar Hy toegesluit het nie, en niemand kan toesluit waar Hy oopgesluit het nie.

Dis juis hierdie Here Jesus wat vir ons gesterf het, wat Johannes laat skryf dat Hy ons bewaar. Dis Hy wat die deur oopgesluit het, maar dis ook Hy wat die deur sal sluit as ons nie daardeur wil loop nie, en dan is ons tot in ewigheid uitgesluit!

**Vers 8**

Ek ken jou werke. Kyk, Ek het voor jou 'n geopende deur gegee, en niemand kan dit sluit nie, want jy het min krag en jy het my woord bewaar en my Naam nie verloën nie.

**Ek ken jou werke**

Openbaring 3:15-16 – *"Ek ken jou werke, dat jy nie koud is en ook nie warm nie. Was jy maar koud of warm! Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug."*

Eenvoudig gestel, Jesus vertel vir ons dat selfs wanneer ons louwarm word, sal sy liefde ons aanspoor om tot aksie oor te gaan. Sy bestraffing is verlossend en die doel in sy tugtiging is om ons te herstel. Jesus se liefde *kan die mees middelmatige toewyding weer opwek. En Hy bied ons die volgende: Openbaring 3:20 - "Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan en met hom maaltyd hou en Hy met my."*

Die kerkvaders het hierdie aspek van God se natuur "verdraagsaamheid" genoem. En die rede vir hierdie verdraagsaamheid is liefde. Tog het Jesus selfs meer te sê aan die louwarmes. Hy bied 'n beloning aan almal wat op sy waarskuwing sou reageer: Openbaring 3:21 – *"Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit op my troon, soos Ek ook oorwin het en saam met my Vader op sy troon gaan sit het."*

Hoor wat jou Verlosser vir jou sê: Hy wil al jou liefde hê. Hy wil hê dat die Hooglied van Salomo die storie van jou verhouding met Hom sal wees. Hy wil hê dat jy na Hom moet verlang wanneer dit voel of Hy vêr weg is en dat jy jouself moet verheug wanneer Hy naby is. Hy wil jou so met sy liefde vul dat jy aangeraak word om tot aksie oor te gaan — om sy werke met blydskap en met 'n volkome hart te doen.

Dit was God se hart en doel sedert die Ou Testament. Toe het Hy verklaar, "Dit is nie my begeerte dat enige een verlore sal gaan nie." En nou in Openbaring herinner Hy ons, "Ek beplan maniere om almal van hulle louwarm toestand af terug te bring."

Kan daar enige beter nuus vir ons gelowiges wees? Jesus hou nie op by die openbaring van ons sonde nie — Hy gee aan ons die oplossing.

**Kyk, Ek het voor jou 'n geopende deur gegee,**

Dieselfde Here Jesus het die sleutel van regering en gesag in en oor die kerk. Hy maak 'n deur van geleenthede oop na sy kerke , 'n woord vir sy predikers, 'n oop deur en maak harte oop.

Hy sluit die deur van die hemel vir die dwase wat die dag van genade wegslaap, die werkers van ongeregtighede, hoe ydel en selfversekerd hulle ook al mag wees. Die kerk in Filadelfia word geprys, tog met 'n sagte teregwysing.

Hy herinner ons dat die oop deur nie bloot 'n manier was om van moeilikhede te ontsnap nie, maar 'n opening vir die verkondiging van die evangelie, 'n geleentheid om goed te doen, sowel as 'n oorvloedige ingang in die koninkryk.

Die 'n oop deur verwys na God se gesag en na die genietinge van een of ander voorreg of eer of een van die volgende:

1. die vermoë om goed te doen - voorgestel as die "opening van die deur." Vergelyk Handelinge 14:27; 1 Korinthiërs 16:9; 2 Korinthiërs 2:12; Kolossense 4:3.
2. die voorreg van toegang tot die hemelse paleis; dit wil sê dat hulle 'n oorvloedige geleentheid gehad het om hulle verlossing te verseker, en die deur was nooit bedags of snags teen hulle gesluit nie. Vergelyk Openbaring 21:25. Of
3. dit kan beteken dat hulle 'n oop weg van gevaar en vervolging voor hulle gehad het.

'n Oop deur verwys meer na ingaan as uitgaan sodat ons kan ontvang wat ons begeer, eerder as om te ontsnap van ons vrese.

Die kerk van Filadelfia het geen beperkinge gehad nie, omdat hulle ongekende voorregte ontvang het: die tempel van verlossing, die toeganklikheid na die hemelse stad en die hele wêreld het voor hulle oopgelê. Oral kon hulle goed doen en ten alle tye toegang hê tot die koninkryk van God.

**en niemand kan dit sluit nie**

Niemand het die mag om ons geopende deur toe te maak nie want God, wat in beheer is oor alles, gee vir ons hierdie voorregte en krag.

Jesus bied 'n akkurate, onbevooroordeelde beoordeling van werke by die Kerk by Filadelfia. Hy het 'n deur van geleentheid vir die kerk oopgemaak en niemand het die krag gehad om dit toe te maak nie.

**want jy het min krag**

Hy beskryf dat die kerk net 'n bietjie krag het, maar het hierdie krag goed gebruik. Jesus het Sy woord gehou, waarskynlik Sy opdragte wat Sy apostels aan gelowiges oorgedra het, en dit het lojaal aan Hom gebly.

Christus gee hierdeur sy guns aan sy kinders sodat hulle hul vyand kan dwing om God te erken.

Dit sal, deur die genade van Christus, hulle vyand versag sodat die vyand sal begeer om deel te wees van die Koninkryk van God.

Omdat jy min krag het, het Ek jou 'n geleentheid gegee waarvan niemand jou sal ontneem nie, want jy het 'n bietjie krag en het my woord bewaar en my naam nie verloën nie. Die tye wat gebruik word wys terug na een of ander tydperk in die geskiedenis van hierdie Kerk toe een of ander swaar beproewing of vervolging ontstaan het, wat die opregtheid, getrouheid getoets het, of Christelike liefde vir die gelowiges. "Die beloning dan van 'n bietjie krag is 'n deur wat oopgemaak word".

**en jy het my woord bewaar**

Om die Woord te gehoorsaam en lojaal aan Jesus te bly behoort belangrike kenmerke van enige kerk te wees. Teenstand teen Jesus en Sy woord is fel en verraderlik, maar hulle kan nie 'n kerk oorwin wat Jesus gehoorsaam en lojaal aan Hom is nie. Die apostel Johannes noem in 1 Joh 5:1-2 dat die liefde vir God en gehoorsaamheid aan Sy gebooie bewys is dat hulle aan God se familie behoort. Hy bemoedig gelowiges aan in I Joh 4:4 deur hulle te verseker dat Hy wat in hulle, groter is as Hy wat in die wêreld is.

Christus beloof om, in die moeilikste tyd, Sy genade te beskerm as beloning van getrouheid. Aan hom wat het, sal gegee word. Die wat die evangelie bewaar in 'n tyd van vrede, sal deur Christus bewaar word in 'n uur van versoeking. Dieselfde Goddelike genade wat hulle laat vrug dra het in die tyd van vrede, sal hulle getrou maak in tye van vervolging. Christus beloof 'n heerlike beloning aan oorwinnaars van die geloof.

**en my Naam nie verloën nie.**

Die Filadelfiese Kerk het, ten spyte van sy geringe voordele, hetsy in getalle of voorspoed, Christus se woord gehou toe geroep is om Hom te verloën.

Toe Christene voor heidense magistrate gebring is in tye van vervolging, was hulle verplig om die naam van Christus op openbare wyse te verloën. Dit is moontlik dat, te midde van die vervolgings wat in die vroeë tye gewoed het, die lede van die kerk in Filadelfia vir so 'n verhoor ontbied is, en hulle het die verhoor stewig deurstaan. Die wat voorgegee het hulle is Jode is oorreed om die naam van Christus te verloën. Hulle het gepoog dat Christene die Here te verloën op alle plekke waar daar Jode was.

Al is hierdie gemeente waardeloos in die oë van die wêreld, dan beteken dit nog nie dat hierdie gemeente ook voor God waardeloos is nie. In hierdie gemeente se swakheid het God dit vir hulle moontlik gemaak dat hulle sy Woord kon bewaar, en sy Naam nie verloën nie.

Dis eintlik ’n baie besondere prestasie wat hierdie gemeentetjie van Filadelfia behaal. Die Here het oor vyf van die sewe gemeentes klagtes, maar met hierdie gemeentetjie is die Here tevrede. Groot en sterk gemeentes, soos Efese, het hulle eerste liefde verlaat, terwyl hierdie gemeente die Woord

van Christus se lydsaamheid kon bewaar. Die roem kom hulle nie toe asof dit hulle prestasie sou wees nie. God het met die sleutel van sy raad dit oopgesluit dat hierdie klein gemeentetjie dit kon regkry om God se Woord en sy Naam te heilig.

**JESUS HET DIE SLEUTELS VAN DIE LEWE IN SY HAND**

As ‘n mens dink aan ‘n toe deur, beteken dit ons word uitgesluit.

Joh 20:19 lees ons van ‘n toe deur: *“EN toe dit aand was op daardie eerste dag van die week en die deure waar die dissipels vergader het uit vrees vir die Jode, gesluit was, het Jesus gekom en in hul midde gestaan en aan hulle gesê: Vrede vir julle!”*

Vrees maak dat ons ons hart se deur sluit. Ons sluit ons hart toe vir geleenthede wat die Here vir ons wil gee. Ons sluit ons hart toe vir vriende wat die Here vir ons wil gee. Ons sluit selfs ons hart toe sodat ons die stem van die Heilige Gees nie kan hoor nie. Dit alles net uit vrees.

Die dissipels was so bang dat hulle die deure gesluit het, maar dis wonderlik om te kan sien dat alhoewel die dissipels die deure gesluit het, het dit nie vir Jesus gekeer het om in te kom nie. Al sou ons uit vrees ons deure wil sluit, kom die Here en Hy gee vir ons ‘n oop deur. ‘n Oop deur van verlossing. Hy gee ons ‘n uitkoms uit ons siekte, uit ons swaarkry, uit ons bekommernisse.

Dit is goed om te onthou dat al voel dit vir ons asof al die deure gesluit is en daar geen uitkoms of hoop is nie, is daar niks wat Jesus uit ons omstandighede kan hou nie. Jesus is daar om vir ons vrede te gee.

Han 12:4: - *“Toe hy hom dan gegryp het, het hy hom in die gevangenis gesit en oorgegee aan vier wagte, elkeen van vier soldate, om hom te bewaak, met die bedoeling om hom ná die paasfees voor die volk te bring.”*

Dis nie net 1 of 2 wagte wat ons oppas nie, maar vier wagte wat uit vier soldate uit bestaan. Daar is deure wat gesluit word en dan word ons in die tronk gegooi en met kettings geboei.

Han 12:7-10: - *“7En meteens staan daar 'n engel van die Here by hom, en 'n lig skyn in die gevangenis. Toe slaan hy Petrus op die sy, maak hom wakker en sê: Staan gou op! En die boeie het van sy hande afgeval. 8En die engel sê vir hom: Omgord jou en trek jou skoene aan! En hy het dit gedoen. Verder sê hy vir hom: Gooi jou bo-kleed om en volg my! 9En hy het uitgegaan en hom gevolg; en hy het nie geweet dat wat deur die engel plaasgevind het, werklikheid was nie, maar hy het gemeen dat hy 'n gesig sien. 10En toe hulle by die eerste en die tweede wag verbygegaan het, kom hulle by die ysterpoort wat na die stad lei, en dit het vanself vir hulle oopgegaan. En hulle het buitekant gekom en een straat vêr gegaan, en dadelik het die engel hom verlaat.”*

Hier stuur die Here ‘n Engel om vir Petrus te verlos. Hy maak ‘n deur van verlossing vir hom oop.

Dit maak nie saak hoe moeilik ons omstandighede is nie. Dit maak nie saak hoe groot ons tronk is of hoe sterk kettings ons mee vasgemaak is nie, die Here kom en Hy gee vir ons verlossing. Hy maak vir ons ‘n deur oop wat geen mens vir ons kan oopmaak nie.

Wanneer ons voel of daar geen hoop meer vir die toekoms is nie, of dit voel of niks gaan beter word nie, maar net slegter, gee die Here vir ons ‘n oop deur van geleenthede. Dit maak nie saak in watter area ons deur toe is nie, miskien in ons werk, studies, verhouding, huwelik of vriendskappe, die Here kom en Hy maak vir ons ‘n deur oop tot geleenthede. Ook geleenthede om die evangelie te deel met ons geliefdes wat dalk nie die Here ken nie.

Hand 16:25-26 – *“25En omtrent middernag het Paulus en Silas gebid en lofliedere tot eer van God gesing; en die gevangenes het na hulle geluister. 26En skielik kom daar 'n groot aardbewing, sodat die fondamente van die gevangenis geskud het. En onmiddellik het al die deure oopgegaan en die boeie van almal het losgeraak.”*

Dit is wonderlik om te besef dat God vir ons ‘n oop deur van geleenthede gee. Die aardbewing het nie die boeie losgemaak nie, maar die krag van God. Die krag van God het die tronk geskud en die deure laat oopgaan. Dit het ‘n geleentheid gebied vir Paulus om die Evangelie te verkondig.

Kol 4:3 vra Paulus hierdie versoek aan die gemeente: - "*en bid tegelykertyd ook vir ons, dat God vir ons die deur van die woord mag open om te spreek van die verborgenheid van Christus, waarvoor ek ook in boeie is,"*

Die Here maak vir ons deure van geleenthede oop, ons moet dit net raaksien en gebruik.

Die Here gee vir ons 'n oop deur van voorsiening. Somtyds voel dit of ons aan die einde van ons krag gekom het. Daar is vir ons geen oplossing nie, geen uitkoms nie, ons is moedeloos en moeg weet nie waar ons voorsiening vandaan gaan kom nie.

Die Here maak vir ons 'n deur oop en voorsien op 'n bo natuurlike manier.

Jes 45:2-3 – "2*Ek self sal voor jou uit gaan en hoogtes gelykmaak; koperdeure sal Ek verbreek en ystergrendels stukkend slaan." 3En Ek sal jou die skatte gee wat in die donkerheid is en die verborge rykdomme, sodat jy kan weet dat Ek die HERE is wat jou by jou naam roep, die God van Israel;*

Die Here gee hierdie belofte vir ons. Hy SAL vir ons deure oopmaak. Dit maak nie saak of dit lyk of daardie voorsiening onberykbaar is nie want dit is met grendels toegesluit, maar die Here sê Hy maak daardie deure oop. Hy gee vir ons wat ons behoeftes is, want Hy ken ons by die naam. Hy weet wie ons is.

Wanneer God 'n deur oopmaak, hoef ons nooit bekommerd te wees dat iemand daardie deur gaan toemaak nie. Wanneer God 'n deur oopgemaak het kan niemand daardie deur toemaak nie. Lewe in volle vertroue. Moenie bang wees nie, moenie vrees nie. Vrees sluit deure toe maar geloof in God se belofte maak dat daardie deure wat God oopgemaak het sal oop bly. En ons kan daar ingaan. Dit maak nie saak hoe moeilik ons omstandigheid is nie, niemand sal dit kan sluit nie want ons het min krag en ons het God se Woord bewaar en Sy Naam nie verloën nie.

Miskien voel dit vir ons dat ons min krag het en niemand waarnatoe ons kan gaan nie, kan ons die Here se Woord glo en bewaar en Hom vertrou op Sy belofte waar Hy sê Hy maak 'n deur oop en niemand gaan dit kan sluit nie.

Kom ons vertrou die Here en vrees nie meer nie. Dit maak nie saak hoe sterk en groot die deur se grendels en slotte is nie, die Here maak 'n deur oop waar dit lyk of al die deure gesluit en toegegrendel met kettings en boeie is.

**3 MANIERE OM TE WEET OF 'N 'GEOPENDE DEUR' VAN GOD IS**

Matt 7:7 – "*Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word."*

As ons steeds nie weet of 'n oop deur van God is nie, hier is 3 Bybelse riglyne om te onthou.

1. Moet nooit die Skrif weerspreek nie

   2 Kor 8:21 – *"Want ons bedink wat goed is nie alleen voor die Here nie, maar ook voor die mense."*

   God sal jou nooit 'n geleentheid bied wat die Skrif weerspreek nie. Geopende deure van God wys ons na God se eer en vervul Sy doel. Byvoorbeeld, as jy 'n geleentheid gebied word wat met omkoopgeld gepaardgaan, is dit nie 'n oop deur nie, is dit nie van God nie. Omdat God wil hê dat ons eerlik moet wees in sy oë en in die oë van mense.

2. Bevestig ontvangs

   God wil hê ons moet die regte besluite neem, daarom gaan Hy ons nie 'n geleentheid bied sonder om ons bevestiging te gee nie. Hierdie bevestiging kan inkom met 'n gevoel van dringendheid om God se wil te doen. Dit is egter belangrik om 'n duidelike riglyn te kry voordat ons 'n stap neem. Ja, God sê dalk vir ons om te beweeg, maar is dit die regte tyd?

   Deur wyse raad te vra, te bid en te vas en die woord van God te bestudeer kan ons bevestiging kry dat hierdie oop deur eintlik van God af is.

   Wanneer ons 'n besluit neem, bestudeer die woord van God en ondersteun elke oortuiging met die Skrif.

3. Vereis totale afhanklikheid van God

Wanneer God 'n deur oopmaak, moet ons seker wees. Ons moenie raai nie. Is ons gereed vir hierdie stap? Is dit God se wil? God wil hê ons moet nie net op Hom staatmaak vir alledaagse behoeftes nie, maar ook vir die neem van groot besluite in ons lewens.

- Waar moet ek woon?
- Met wie moet ek trou?
- Watter loopbaan moet ek volg?

Wanneer God 'n deur oopmaak, vereis dit dat ons heeltemal op Hom staatmaak om ons deur te sien. Ons moet vertrou op Sy krag om ons te lei en geloof hê dat iets ten goede sal meewerk.

Wanneer die geleentheid kom, klop dit gewoonlik aan die deur. Wanneer God 'n oop deur aan ons bied, is dit belangrik dat ons dadelik instap. Hoe weet ons egter of 'n geleentheid van God kom? Wat is die tekens van God wat vir ons sê dat ons in geloof moet uitstap?

God maak heeltyd deure in ons lewe oop en toe. As ons aanhou om aan Christus toegewyd te wees, sal ons uitvind dat die pad vorentoe meer soos 'n hindernisbaan is eerder as 'n goed geplaveide reguit pad.

Job 37:5 - *"God donder wonderbaarlik met sy stem; Hy doen groot dinge wat ons nie kan begryp nie."*

God se tydsberekening is perfek. Wanneer Hy 'n deur oopmaak, verskaf Hy 'n pad om Sy doel in jou lewe te bereik. Die pad is dalk nie maklik nie maar Hy sal jou nie iewers heen lei nie, dan los jy daar. Waar Hy ook al lei, voorsien Hy.

Wanneer 'n geleentheid gebied word, kan ons die volgende vrae vra:

- Het ek hieroor gebid?
- Bring hierdie geleentheid eer aan God?
- Seën hierdie geleentheid ander?
- Sal oop deure my nader aan God bring of my van Hom af wegstoot?
- Sal hierdie besluit God oneer aandoen?

Daarom, wanneer geleenthede hulself voordoen, moet ons biddend hierdie deure nader en God vra om ons elke tree van die pad te lei.

God se manier is nie my manier nie. Ek moet myself heeltyd daaraan herinner. God werk op geheimsinnige maniere.

Dit is nie 'n kwessie van of God deure oopmaak nie, dit is die kwessie van watter deure Hy oopmaak en of ons bereid is om deur die deur te stap. Soms maak God vir ons 'n deur oop en is ons nie bereid om gehoorsaam te wees nie. Ander kere sal ons dalk nie verstaan wat God doen nie, maar as ons bereid is om Sy wil te doen, dan moet ons wandel deur geloof en nie deur aanskouing nie.